Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

NOVEMBER 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

UITSONDERLIKE "GEWONE" MANS EN VROUE BY GLANSGELEENTHEID VEREER

Tydens 'n glansgeleentheid wat op Donderdagaand 4 Oktober 2018 in die Hermanus Ouditorium gehou is, het Overstrand eer betoon aan daardie uitblinkers wat hul kundigheid, tyd en energie onbaatsugtig daaraan wy om 'n verskil in ander mense se lewens te bewerkstellig.

Lede van die publiek is die geleentheid gegun om uitblinkers vir die gesogte Burgemeesterstoekennings in een van sewe kategorieë te nomineer, met 'n agste kategorie, naamlik Leeftydpresteerder, wat vir die eerste keer vanjaar ingestel is.

Die burgemeesterspaar, rdh. Dudley Coetzee en sy gade Shirley, met Garnie en Henri Kuiper aan hul sy en die wenner van die kategorie Junior Uitblinker, Inga Mfundisi, in die voorste ry

Agter staan (van links na regs) Glenda Kitley, wenner van die kategorie Toerisme en Ontwikkeling; Jolande Sauls, wenner van die kategorie Vrou van die Jaar; Thozamile Stuurman, wenner van die kategorie Uitblinkerentrepeneur; en Thomas Lefu Lebitsa, wenner van die kategorie Uitblinker.

Afwesig is dr. Dianne Jean Marais, ontvanger van die Burgemeesterstoekenning vir Omgewingsbewaring, wat ongelukkig nie die geleentheid kon bywoon nie. Ter erkenning van hul bydrae tot omgewingsbewaring is die titel "Ereveldwagter" ook toegeken aan Frank Woodvine, Priscilla Drewe, Belle Barker en Lee Burman.

In sy toespraak het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, rdh. Dudley Coetzee, oudpresident Nelson Mandela aangehaal wat op 'n keer opgemerk het dat, *"There are so many men and women who hold no distinctive positions, but whose contribution towards the development of society has been enormous."*

"Na my mening," het Coetzee gesê, "vind daardie woorde volkome aanklank by 'n toekenningsgeleentheid soos hierdie en die rede waarom ons juis vanaand hier byeen is om sulke gewone, dog spesiale, mans en vroue te vereer en te bedank.

"Hierdie uitsonderlike mense slaag daarin om, te midde van hul druk alledaagse verpligtinge, tyd in te ruim om die ongelooflikste dade van welwillendheid teenoor ander te betoon en het deur hierdie onbaatsugtige pogings geweldig daartoe bygedra om die lede van hul onderskeie gemeenskappe op te hef.

"Die sinopsis wat vanaand van elke genomineerde voorgehou gaan word, bied maar bloot 'n blik op die karakter van hierdie merkwaardige individue wat op verskeie maniere hul passie en buitengewone vaardighede op soveel maniere met die gemeenskap deel: Soms het dit te make met omgewingsbewaring of die vestiging van programme vir vroeëkindontwikkeling, soms met die daarstelling van programme om sport- en lewensvaardighede te ontwikkel, en soms met die implementering van programme om die jeug en senior burgers te bemagtig.

"Hierbenewens dra hulle ook by tot vaardigheidsontwikkeling- en werkskeppingsgeleenthede, help om te verseker dat die mens meer ingelig is oor die seelewe en help om vroue oor die algemeen om vroue op te hef en te bemagtig; en dis maar net die begin.

"Die onfeilbare toewyding van hierdie uiters spesiale mense stem ons almal tot nadenke, maar dit behoort ons almal ook te inspireer om die behoeftes van ons gemeenskappe bo eie te stel.

"'n leder en 'n elk van hierdie uitblinkers dien as 'n baken van hoop, en is op hul eie unieke manier 'n rolmodel aangesien hulle 'n voorbeeld is van hoe mens 'n verskil kan maak deur bloot twee allerbelangrike vrae te vra: 'Wat kan ek doen om te help? Hoe kan ek dalk 'n verskil maak?'

"Deur eer aan hierdie uitblinkers te betoon, sê ons maar net nederig 'dankie' ter erkenning van die geweldige bydrae wat hulle tot die samelewing gemaak het.

"Op daardie trant is dit vir my 'n besonderse eer om die eerste ontvangers van die nuutingestelde Burgemeesterstoekenning vir Leeftyduitblinkers geluk te wens - 'n paartjie wat in die loop van hul merkwaardige verblyf in Overstrand, en tot vandag toe nog, as 'n bron van inspirasie en aanmoediging vir soveel mense dien.

"Henri en Garnie Kuiper is onderskeidelik 93-en-'n-half- en 94-jaar oud en het pas hul 70ste huweliksherdenking gevier.

"Henri, 'n voormalige advokaat, het by aftrede besluit om die *Enlighten Education Trust* op die been te bring wat sedertdien as 'n allerbelangrike platform vir die ontwikkeling en opheffing van die jeug en die algemene publiek dien.

"Garnie, daarteenoor, het vir baie jare gehelp om die indringerplante wat kort-kort dreig om die berge rondom Hermanus te verswelg.

"Henri en Garnie, namens Munisipaliteit Overstrand en almal wat oor die jare heen die eer gehad het om tyd saam met julle deur te bring, ons opregte dank vir julle geesdrif en onbaatsugtige insette. Ons hoop van harte dat julle vir nog baie jare as 'n baken sal dien vir diegene wat, hopelik, in jul voetspore gaan volg," het die Burgemeester gesê.

REGERING BRING DIENSTE NA ZWELIHLE-GEMEENSKAP

Buitengewoon baie mense het opgedaag vir die "Thusong-nooduitreik" wat vanaf 3-4 Oktober 2018 in Zwelihle gehou is. Hierdie geleentheid is een van vele wat gereël is om die gemeenskap van Zwelihle ná die onluste van hulp te wees.

Die departement van plaaslike regering, in vennootskap met Munisipaliteit Overstrand, en verskeie ander provinsiale departemente het onder een dak bymekaargekom om hul dienste tot by Zwelihle-inwoners se drempel te bring. Saam het hulle daarin geslaag om meer as 'n duisend inwoners binne twee dae te help.

Vir die afgelope ses jaar is die departement van plaaslike regering verantwoordelik vir die organisering van Thusong-uitreikgeleenthede om die regering se mandjie van dienste nader aan daardie mense te bring wat andersins lang afstande sou moes reis om die tersaaklike regeringsinstansies te raadpleeg. Hierdie nooduitreik was egter spesifiek daarop gemik om inwoners van hulp te wees wat dalk belangrike dokumentasie, soos identiteitsdokumente en geboortesertifikate, tydens die onlangse onluste verloor het.

Hierby het die departement van gesondheid toetse en MIV-berading/toetsing oor die tydperk van twee dae uitgevoer; SASSA het hulp verleen met aansoeke vir toelaes en pensioene; die departement van menslike nedersettings - in samehang met Munisipaliteit Overstrand se behuising-, finansies- en stadsbeplanningsdepartemente - het inligting oor behuisingsgeleenthede verskaf; die departement van landbou het algemene inligting verskaf oor hulp wat vir boere beskikbaar is; en die departement van maatskaplike ontwikkeling het raad gegee oor die ondersteuning wat vir gesinne beskikbaar is, met inbegrip van kindersorg en kinderbeskermingsdienste.

Die OVK het ook van die geleentheid gebruik gemaak om kiesers te help om te registreer en om hul registrasiedetails te verifieer, terwyl die Nasionale Jeugontwikkelingsfonds loopbaanvoorligting aangebied het. Die Padongelukkefonds was daar om bewustheid te skep van hul dienste en om diegene te help wat eise wou instel, terwyl die KVBA van die geleentheid gebruikgemaak het om pamflette en brosjures oor moontlike intervensies uit te deel.

Behuisingsamptenare was daar om lede van die publiek van hulp te wees.

Zwelihle-inwoners met 'n behoefte aan regeringshulp het die onlangse "Thusong-nooduitreik" ten volle benut.

JONGSTE NUUS OOR ZWELIHLE-BEHUISING

Tydens van 'n onlangse Raadsvergadering het Uitvoerende Burgemeester rdh. Dudley Coetzee terugvoer gegee oor 'n vergadering van die Zwelihle-behuising-taakspan wat op 20 September 2018 in Hermanus se banketsaal gehou is.

"Ongelukkig het verteenwoordigers van Zwelihle Renewal besluit om nie aan die vergadering deel te neem nie," het hy gerapporteer. "Desnieteenstaande is daar by hierdie vergadering terugvoer aan die teenwoordiges gegee oor vordering wat tot op hede gemaak is met die identifisering van stukke grond wat gebruik kan word om werk te maak van die behuisingsagterstand in Zwelihle en om agterplaasbewoners se nood te verlig. Die Voorsitter het ook gerapporteer dat 'n aanbod gemaak is om die Schulphoekgrond te bekom en dat daar nou op die grondeienaar se antwoord gewag word.

"Overstrand se direkteur: infrastruktuur en beplanning, Stephen Müller, het 'n opsomming gegee van al die projekte wat tans in Zwelihle onderneem word met spesifieke verwysing na die programme vir die opgradering van informele nedersettings en die transformering van huurbehuising sowel as die projekte wat in Mandela Square, die deurgangskamp, Asazani en Swartdamweg onderneem word.

"Die direkteur: gemeenskapsdienste, Roderick Williams, het 'n voorlegging gedoen oor die projekte wat tans deur die munisipaliteit onderneem word om noodbehuising aan inwoners van Hermanus, Gansbaai, Stanford en Kleinmond te verskaf. Hy het ook verduidelik dat persele vir noodbehuising ten doel het om agterplaasbewoners wat tans toegang tot basiese dienste deur hul 'verhuurders' ontsê word, van hulp te wees sowel as diegene wat nie kan bekostig om huur te betaal nie. Die munisipaliteit is tans besig om riolering- en waterinfrastruktuur op die geïdentifiseerde persele aan te bring.

"Die bestuurder: behuisingsadministrasie, Frankie Frans, het die proses verduidelik wat deur Munisipaliteit Overstrand gevolg is om te verifieer wie die geleentheid gegun moet word om hulself op die geïdentifiseerde persele vir noodbehuising te vestig.

"Die munisipaliteit het ook 'n bemiddelaar aangestel om vergaderings met die onderskeie groepe mense in die Overstrand te fasiliteer met die oog daarop om 'n vreedsame oplossing te vind vir die uitdagings waarmee ons gemeenskappe tans gekonfronteer word. Die bemiddeling sal in Zwelihle begin en sal daarna na die groter Hermanus-area en die Overstrand in geheel uitgebrei word.

"Ons is vasbeslote om ons bes te doen om die lewensomstandighede en lewens van die mees kwesbare en mees benadeelde mense in ons gemeenskappe te verbeter," het die Burgermeester ter afsluiting gesê.

• Die behuisingtaakspan is saamgestel uit verteenwoordigers van die departement van menslike nedersettings, munisipale amptenare, raadslede en komiteeverteenwoordigers.

MOENIE **riviermondings** kunsmatig oopforseer nie

Oortreders staar tot 10 jaar-gevangenisstraf en swaar boetes in die gesig

MUNISIPALITEIT OVERSTRAND DOEN 'N BEROEP OP ALLE INWONERS om nie sake in eie hande te neem deur slote te grawe in 'n poging om riviermondings kunsmatig te laat deurbreek nie.

WEES GEWAARSKU: *Om 'n sloot te grawe sodat 'n riviermonding kunsmatig kan deurbreek, kan jou vir 10 jaar agter tralies laat beland of 'n boete van tot R5 miljoen op die hals haal! [Kleinrivier-estuarium, 14 September 2018]*

Alle estuariums langs Overstrand se kus word onder toesig van CapeNature in samehang met die munisipaliteit se afdeling omgewingsdienste bestuur ooreenkomstig streng riglyne wat deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur neergelê is.

Hierdie riglyne het ten doel om te verseker dat deurbrake natuurlik verloop en dat daar nie onnodig ingemeng word met die unieke ekologie wat met estuariums geassosieer word nie.

In Overstrand is daar vir elke estuarium in die gebied op 'n riviermondingbestuursplan ooreengekom. Hierdie planne kan regtens afgedwing word, en enigeen wat betrap word dat hulle slote grawe in 'n poging om riviermondings kunsmatig te laat deurbreek, staar tronkstraf of 'n swaar boete in die gesig.

"Onlangse pogings om die Kleinrivier-estuarium kunsmatig te laat deurbreek, spreek van swak oordeel aan die kant van die publiek," sê Liezl de Villiers, senior bestuurder: omgewingsdienste. "Selfs al het die monding laas in 2015 natuurlik deurgebreek, het niemand die reg om sommer op die ingewing van die oomblik te besluit om 'n sloot te grawe nie. Daar is heeltemal te veel faktore op die spel. Boonop kan inwoners en die publiek met 'n geruste hart weet dat ons, in samehang met ons vennote, die situasie deurentyd monitor en nie sal toelaat dat dit in 'n gevaarlike een ontaard nie."

Sou jy sien dat 'n poging aangewend word om riviermondings kunsmatig oop te maak, skakel asseblief dadelik die munisipaliteit se noodnommer 028 313 8111.

DUISENDE GENIET

WALVISFEES

TERDEË

Sowat tagtigduisend mense het hul opwagting in Overstrand gemaak om die Walvisfees by te woon wat van 28-30 September 2018 in Hermanus aangebied is.

Munisipale bestuurder Coenie Groenewald (links) en Burgemeester Dudley Coetzee (heel regs) saam met lede van die Walvisfeeskomitee: William Ntebe, Jeanette du Toit, Leon en Amelia Theron, Mosili Koloko, Geraldine Erasmus en Andrea Naudé.

Die weer, en die walvisse, het mooi saamgespeel en feesgangers is weereens op 'n vol feesprogram met 'n ietsie vir almal getrakteer.

Feesgangers kon hulle verlustig in die vernuf van kunshandwerkers, smul aan die lekkerste kosse, wyne van die hoogste gehalte proe en tegelyk vermaak word deur Nigel Pierce van Good Hope FM-faam se lewendige uitsendings sowel as 'n horde plaaslike talent waaronder Charel Kleinhans, Yung Major, Wesley Clark, Amber Kruger, die Winterland Band en die Stinging Rogers Duo wat mekaar die een na die ander op die musiekverhoog by Gearingspunt afgewissel het.

Die interaktiewe Eco Marine Village - wat ook 'n stalletjie beman deur die Dyereiland-bewaringstrust gehuisves het - was veral gewild met vele besoekers wat hulle tot die stryd teen marine besoedeling verbind het deur 'n "jellievis-selfie" te laat neem en dié op Instagram te pos.

Soos te verwagte, het die straatoptog op dag-twee, Saterdag 29 September, weereens groot aftrek gekry. Sake-ondernemings, veteraanmotors, organisasies, sportklubs en lede van die gemeenskap het *en masse* om 10:00 by Swallow Park opgedaag om by die optog aan te sluit waarvandaan hulle ewe rustig hul weg al langs die kus, verby Gearingspunt en Markplein, tot by die Marine Hotel gebaan het.

Ten tyde van die amptelike opening van die fees het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê: "Dit is bepaald 'n eer vir Hermanus, die spilpunt van die Overstrand, om vir die sewe-en-twintigste jaar in 'n ry as gasheer vir die hoogsaangeskrewe Walvisfees op te tree." Hy het ook die organiseerders, die borge en plaaslike ondernemings gelukgewens met die wyse waarop hulle hul van hul taak gekwyt het, en 'n spesiale woord van dank aan die plaaslike gemeenskappe gerig: "Dis 'n riem onder die hart om te sien met watter geesdrif en goeie gees julle die fees ondersteun, die moeilike tye wat ons onlangs beleef het ten spyt," het hy gesê.

Verwag oponthoude in uitreiking van rybewyskaarte

Lede van die publiek wat vir hul rybewyskaarte wag, kan dalk oponthoude ervaar weens 'n arbeidsgeskil aan die kant van die Rybewyskaartrekening (in Engels Driving Licence Card Account [DLCA]) in Pretoria. Selfs al is die verwerking van aansoeke om nuwe rybewyskaart en hernuwings gedesentraliseer, word alle kaarte deur die DLCA - 'n handelsentiteit van die nasionale departement van vervoer - uitgereik. Hierdie oponthoud sal dus 'n impak hê op aansoekers oral in Suid-Afrika.

Bestuurders wat aansoek doen om hul rybewyskaarte vóór of op die verstrykdatum te laat hernu, betaal R140 vir die nuwe kaart. Hulle mag steeds vir 'n maksimum van drie maande bestuur, mits hulle oor 'n kwitansie vir die hernuwingsaansoek en hul ou kaart beskik. Bestuurders wat aansoek doen nadat hul lisensies verstryk het, betaal R140 vir die nuwe kaart en moet ook vir 'n tydelike rybewys teen 'n addisionele koste van R45 aansoek doen. Tydelike rybewyse is geldig vir ses maande. Die Wes-Kaapse departement van vervoer en openbare werke (DVOW) moedig lede van die publiek aan om vroegtydig vir vervangende kaarte aansoek te doen om te voorkom dat hulle ook 'n tydelike rybewys moet bekom.

Hier moet daar weereens beklemtoon word dat kwitansies as bewys van aansoek om 'n nuwe rybewys en ou rybewyskaarte slegs vir drie maande vanaf die aansoekdatum geldig is. Indien bestuurders nog nie in daardie stadium hul nuwe rybewyskaarte ontvang het nie, sal hulle 'n tydelike rybewys moet bekom. Die DVOW het ongelukkig geen beheer hieroor nie.

Die DVOW is maar al te bewus van die frustrasie wat hierdie toedrag van sake kan veroorsaak. Selfs al kan hierdie oponthoude nie voor die deur van die DVOW of enige van die plaaslike rybewystoetssentrums gelê word nie, onderneem die departement om die publiek ingelig te hou oor enige verdere verwikkelinge. Hierdie geskil kan slegs op nasionale vlak opgelos word, en die oponthoude sal voortduur tot tyd en wyl die geskil besleg is.

UITVOERING DEUR BEFAAMDE KLARINETSPELER

Op Sondag 25 November bied OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) 'n konsert aan deur die jong klarinetspeler, **Féroll-Jon Davids**. Nadat hy in 2015 as wenner deur UNISA se skimbeoordelaars aangewys is en die Michael Masote-prys vir die belowendste kandidaat by die Nasionale Jeugmusiekkompetisie verower het, het Davids by die Universiteit van Georgia ingeskryf en is kort daarna in 2018 as hoofklarinetspeler deur dié universiteit se *Wind Symphony Ensemble* en filharmoniese orkes aangewys. Féroll-Jon sal op die klavier begelei word deur die bedrewe pianis **Elna van der Merwe**. Onder die werke wat uitgevoer gaan word, is Robert Schumann se *Fantasiestücke* op. 73; Hendrik Hofmeyr se *Canto Notturno*; Johannes Brahms se Sonate no. 2, op. 120; Ernest Chausson se *Andante et Allegro*; Claude Debussy se *Première Rhapsodie* en Joseph Horovitz se Sonatine vir Klarinet en Klavier. *Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) en kan by die toerismekantoor (028 312 2629) bespreek word. Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir navrae.*